

DIE "UNIVERSITY CHRISTIAN MOVEMENT"

PROF. DR. A. D. PONT

Aan die begin van Desember 1966 is die **University Christian Movement of South Africa** in Johannesburg gestig en in Julie 1967 het dié beweging sy eerste jaarlikse kongres te Grahamstown gehou waar die beweging met die steun van die Metodiste, Anglikaanse, Roomse, Presbiteriaanse en Kongregasionalistiese kerk van stapel gestuur is. ¹⁾ Dit is vanselfsprekend dat 'n liggaam wat homself as **christelik** aandui en wat op die terrein van die **universiteit** beweeg, die aandag sal trek van diégene wat self in universiteitsverband doseer of studeer. Dit dan ook omdat die beweging vir homself 'n hoë doelwit gestel het te opsigte van die universiteit. Dit word as volg geformuleer :

"To call all members of the academic community to love, trust and hope in God, Father, Son and Holy Spirit; to acknowledge Jesus Christ as Lord and Saviour according to the Scriptures; and to be servants and messengers of God's Kingdom in all the world".

Vandaar dat die agtergrond en optrede van hierdie liggaam, vanaf sy stigting tot vandag toe, belangrik genoeg geag is om daaraan aandag te gee en om die resultate van die ondersoek voor te lê. Dit kan daartoe bydra dat hierdie nuwe liggaam wat op die universiteits-terrein verskyn het, verstaan kan word en dat ook iets begryp kan word van die samehang en verbande waarin hierdie liggaam na vore kom.

Die **University Christian Movement** is in sekere sin die opvolger van die **Student Christian Association** soos dit tot 1964 bestaan het. Tot in 1964 was die SCA die liggaam wat die studente-lidmate van die engelstalige kerke in ons land in 'n landelike organisasie verbind het. Daarby was die SCA ook 'n veelrassige organisasie omdat nie-blankes vroeër ook toegelaat was om die blanke universiteite by te woon. Met die oprigting van die verskillende universiteits-kolleges vir die verskillende nie-blanke volke

1) C. B. Collins, *The University Christian Movement of South Africa*, artikel in *The Christian Council Quarterly*, No. 88, 1968, p. 11. Vgl. ook J. I. de Wet, 'n „Nuwe“ Studentebeweging, artikel in *Die Hervormer*, Aug. 1967, bls. 6. In die *Sunday Express*, 18 Aug. 1968, stel die "national president" van die UCM dit as volg: The UCM was brought into existence by, and has the support of the Anglican, Congregational, Lutheran, Methodist, Presbyterian and Roman Catholic Churches. The chaplains of these churches are actively involved in UCM activities.

in Suid-Afrika, het in 1964 in die struktuur van die SCA ook verandering gekom en is dit in vier aparte organisasies verdeel wat die Afrikaanse, Engelstalige, Bantoe- en Kleurlingstudente in afsonderlike Christelike studenteverenigings saamgesnoer het. Die gevolg was dat daar nie meer 'n veelrassige Christelike studentevereniging in Suid-Afrika bestaan het nie. Daarby het die verskillende afdelings van die SCA elk 'n vaste belydenisgrondslag aanvaar en dit het daartoe bygedra dat die SCA nie meer vir al sy vroeëre lede aanvaarbaar was nie. Dr. R. J. Wells, universiteitsekretaris van die SCA, het dit as volg gestel ²⁾:

„Die SCA het die skriftuurlike en geestelike basis van die Christelike geloof as grondslag en ons het 'n konserwatiewe teologiese grondslag aanvaar. 'n Groepie wat die geloofs-belydenis nie wou aanvaar nie, het weggebreek en die University Christian Movement gestig. UCM is nie 'n voortvloei- sel van die SCA nie en vandag bestaan daar geen bande tussen UCM en SCA nie. Ons het absoluut niks met hulle te doen nie.”

Die stigting van die UCM het vroeg in Desember 1966 op 'n vergadering in Johannesburg plaasgevind en van die begin af was dit die bedoeling dat die UCM 'n „interdenominational, interacial and international Christian Movement” sou wees. Die bedoeling van die UCM word onder andere uiteengesit in 'n pamflet waar gestel word ³⁾:

“It (dit is : UCM) aims to encourage members of the academic community to Move Towards Each Other, across barriers that divide us in university, church and nation; to Move Towards the Truth, in shared study and dialogue; to Move Towards the World, including the academic world, in service and reconciliation : and in these and other ways to Move Towards Christ ”

Hierdie doelstellings van die UCM word nader gespesifiseer in art. II van die grondwet van die UCM wat as volg lui ⁴⁾ :

“ . . . the UCM will seek to render its obedience to Christ in the following ways :

1. by responding, through worship and prayer, to the presence and rule of Christ in the University;
2. by bringing together, not only individual Christians of different Communions and cultures, but also Christian denominations and groups, as an essential visible expression

2) Die Transvaler, 19 Aug. 1968.

3) Introducing this year's new arrival on the Campus—UCM, 1967.

4) C. B. Collins, 1.c., p. 12.

of their unity in Christ; and by being used for the renewal of the Church, through responsible membership of particular denominations;

3. by encouraging the study of the Scriptures and the faith of the Church, and the academic disciplines, in order to search for the truth and for the witness of each of these studies for the purpose of God;
4. by bringing members of the academic community into fellowship with one another in service, both within and outside the university;
5. by working for justice, reconciliation and peace in our lands and throughout the world;
6. by witnessing to Jesus Christ as the Lord of all Life through active participation in the whole life of our society and especially in the academic community."

Dit is 'n interessante uiteensetting van die UCM se doelstellings maar die vraag ontstaan of dit wel 'n presiese omskrywing van die doelstellings is. Dit is seker 'n billike vraag aangesien 'n kenner van die ekumeniese beweging, prof. Ian Henderson, reeds gewaarsku het:

"The worst culprit is ecumenical language. Framed to conceal rather than describe events, it is admirably calculated to hide the actions of anyone who uses it from himself and to make it impossible for him to avoid double-think and double-talk".⁵⁾

Gesien ook die vaagheid van ekumeniese taalgebruik⁶⁾ sal dit nodig wees om die UCM te beoordeel nie net volgens sy geformuleerde doelstellings nie maar ook volgens sy dae aangesien die daad dikwels 'n duideliker uiting is van die bedoeling van 'n organisasie as die propaganda-woord wat hy spreek.

Hierdie bogenoemde doelstellings van die UCM is, soos sy grondwet, goedgekeur op die eerste jaarkongres wat die UCM in Julie 1967 in Grahamstown gehou het.⁷⁾ By hierdie kongres

5) I. Henderson, *Power without Glory*, London 1967, p. ix.

6) I. Henderson, *l.c.*, p. 10.

7) Hierdie jaarkongres van die UCM het saamgeval met die kongres van NUSAS, die veelrassige, englstaf'ge studenteliggaam en die National Catholic Federation of Students. Dit is opvallend hoe 'n belangrike rol Roomse lidmate en ampsdraers in die UCM speel. By die 1967 kongres is vir die periode 1967 – 1968 die volgende bestuurslede gekies: President: B. Moore, vise-president: T. de Bruyn, sekr.: R. Falkenburg, tes.: R. Knifton en dan ook streek-direkteure vir Natal, Transvaal, Wes-Kaap, Oos-Kaap en OVS-Lesotho. By die 1968 kongres is hulle vervang deur as president: J. Moulder; vise-pres.: G. Ray; publisiteit: C. Dickson; algemene sekretaris: C. B. Collins; asst.-sekre.: J. Polley en D. Morton; en dan die streeksverteenvoerders. Dit is opvallend dat in hierdie "non-racial" organisasie al die senior poste in die bestuur uitsluitlik deur blankes beklee word.

is daar ook 'n "Statement of Policy" goedgekeur en dit is interessant om daaruit ook af te lei hoe die UCM sy „gehoorsaamheid aan Christus" verstaan en uitleef. In hierdie beleidsverklaring word gesê ⁸⁾ :

"That we, the members of the UCM as christians and as citizens of our various countries :

1. **Having discussed problems such as :**

The nature of separate educational facilities;
The banning without trial of many of our fellow-men;
The vilification, in Press and on Radio, of friends and foes;
Administrative action taken against ministers, priests and members of the church; ⁹⁾
War and violence in many parts of the world;

2. **Confess :**

Our share and hence our guilt in the creation of societies based on acts of violence and injustice;
Our lack of concern for the suffering of our fellowmen;
Our lack of information due to our lack of concern;

3. **Wish to :**

Commit ourselves to self-examination and study;
Commit ourselves in humility and obedience to God to bring about a more equitable and just society, in accordance with the obligations imposed on us as Christians, and the opportunities, resources and liberty given to us and all men by the gospel of Christ".

As hierdie beleidsverklaring saamgelees word met 'n voorafgaande standpunt wat ook deur die kongres aanvaar is, word die prentjie enigermate duideliker. Daar is besluit ¹⁰⁾ :

"That in terms of the obedience that the UCM seeks to render to Christ in responding to the call of God to **make real the unity and liberty of all men**, ¹¹⁾ this council urges the local branches of the UCM to organise **whenever and**

8) **Motion 8/67.**

9) Dit is interessant om daarop te let dat in ekumeniese kringe die 33 terroriste van SWA wat in Pretoria verhoor en skuldig bevind is, deurgaans voorgestel is as „vryheidsvegters" en Christene. Dr. Arthur Larson het selfs namens die **Commission of the Churches on International Affairs** ('n WCC-liggaam), die Amerikaanse NCC en die **Lutheran World Federation** die verhoor in Pretoria bygewoon terwyl die **Africa Department** van die Amerikaanse NCC \$37,500 beskikbaar gestel het om die regskostes van die aangeklaagdes te help bestry.

10) **Motion 10/67.** My kursivering.

11) Hier word die Skrif verkeerd verstaan en uitgelê want dit gaan in die Skrif nié om die verwerkliking van 'n aardse, sigbare **unity and liberty** van alle mense nie. Vgl. in hierdie verband die Brief aan Filemon.

wherever possible non-racial discussion groups and other activities open to all people of all creeds and persuasions,¹²⁾ and that this council instructs the Executive to provide literature and financial assistance for the purpose of implementing this motion”.

Uit hierdie formulering is dit duidelik dat die UCM hom as beweging wil beywer vir veelrassigheid; die afbreek van die grense tussen blank en nie-blank in Suid-Afrika; die verkryging van ’n veelrassige gemeenskap in Suid-Afrika waar die blanke, vanweë sy getalle, ’n minderheidsgroep in Suid-Afrika sal wees.¹³⁾ Hierin is die UCM wel in akkoord met die ekumeniese denke van ons tyd want die WCC, die **British Council of Churches** en die **National Council of Churches** van die VSA het dit al met nadruk gestel dat apartheid ’n groot sonde en veelrassigheid in Suid-Afrika ’n heerlike ideaal is.¹⁴⁾ Die UCM se lyfblad het die volgende standpunt geformuleer — en hoewel die UCM as organisasie nie verantwoordelikheid aanvaar vir die standpunte gepubliseer in sy blad nie,¹⁵⁾ bly dit insiggewend. Hier word betoog dat christene in Suid-Afrika teen wil en dank in mekaar se lewens betrokke is en ook omdat christene dieselfde toekomsverwachting het, dit noodsaaklik is dat christene steeds meer eën moet word en dat alle skeidsmure tussen christene verwyder moet word sodat elkeen se „vryheid”

-
- 12) Vgl. in hierdie verband die beginselstandpunt van Dr. W. A. Visser ’t Hooft, sekretaris-generaal van die WCC in **Pluriformiteit — Verzoeking en kans, opgeneem in Vrede tussen Christenen**, Den Haag 1967, blz. 184 waar hy stel: “De christen die het als zijn plicht beschouwd om de rassendiscriminatie vanuit het evangelie te bestrijden, kan met humanisten, moslims, boeddhisten en zelfs met communisten zamenwerken, die, zij het ook vanuit een ander standpunt, hetzelfde doel nastreven”. Dit wil natuurlik nie sê dat die UCM met kommuniste saamwerk nie, maar toon slegs aan hoe sinies ’n ekumeen soos Visser ’t Hooft is en op watter wyse hy bereid is om die ekumeniese doelstellings te bereik. Want hy gaan uit van die standpunt dat vir gemeenskaplike optrede nie “een gemeenschappelijk grondslag van lering” nodig is nie (blz. 184). Dit is seker nie onbillik nie om die UCM, wat noue bande met die ekumeniese beweging in Suid-Afrika het, te beskou as ’n ekumeniese liggaam wat beïnvloedbaar is deur ’n standpunt wat deur die voormalige sekretaris-generaal van die WCC so pertinent gestel word.
- 13) Dit word ook so gestel in die artikel van Basil Moore, **Wide, Wonderful USA**, gepubliseer in **One for the Road**, June 1968. Vgl. ook die artikel van J. A. Polley, **Gospel or Ideology** in dieselfde tydskrif.
- 14) Die uitvoerigste uiteensetting in hierdie verband is ongetwyfeld die BCC-geskrif, **The Future of South Africa**, London 1965. Hier word onder andere gestel, bls. 88: Human beings are the temple of the Holy Spirit, and in South Africa they are being desecrated by a policy which erects inequality and exploitation into a principle, enshrines it in legal enactment, and for this blasphemy claims the warrant of Holy Scripture. **The face of the oppressed African is the face of Jesus Christ.** „As daar ’n beter voorbeeld bestaan van hoe die sosialistiese ideologie as deel van die Bybelse boodskap aangebied word, sonder inagneming van die Bybelse getuigenis, het ek dit nog nie gesien nie.
- 15) **Motion 25/68**, waarvolgens besluit is: “. . . the opinions in this journal do not necessarily represent the opinions of either the editor or of the UCM”. Vgl. ook **Sunday Express**, 18. 8. 1968.

ten volle kan ontplooi. ¹⁶⁾

Dit wil voorkom dat die UCM ook vanuit die ekumeniese beweging se beklemtoning van die begrip eenheid, netsoos verskillende ander ekumeniese liggame, by die standpunt uitgekóm het dat enige vorm van skeiding tussen mens en mens, maar veral tussen blank en nie-blank verwerp moet word as synde in stryd met die eise van die ekumeniese Christendom. ¹⁷⁾ Die UCM stel dan ook in art. II van sy grondwet dat hulle "servants and messengers of God's Kingdom in all the world" wil wees deur te werk vir "justice, reconciliation and peace". Die vraag bly egter staan op watter wyse hierdie ideaal verwerklik moet word. Die UCM staan baie sterk op die standpunt dat dit 'n suiwer kerklike en Christelike vereniging is ¹⁸⁾ en dat die UCM niks meer doen as om uitvoering te gee aan daardie dinge wat die Engelstalige kerke in die Republiek nog altyd verkondig het nie. ¹⁹⁾ Hierdie standpunt is 'n besondere geladenheid gegee toe UCM-president James Moulder verklaar het, na aanleiding van 'n opmerking van die Eerste Minister ²⁰⁾ :

"Any action by the Prime Minister to prevent members of the UCM from attempting to implement Jesus' teaching will, therefore, amount to a decision to make loyalty to Jesus punishable".

Uit hierdie stelling, so wil dit voorkom, moet afgelei word dat die

-
- 16) Hoofartikel getitel *Wake in One for the Road*, June 1968.
- 17) Die „standaard-teks“ wat in hierdie verband gebruik word, is Gal. 3:28 : „Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus“. Vgl. bv. *The Future of S.A.*, p. 88. Hoewel die ekumeniese denke hierop hulle vyandskap van alle onderskeiding tussen rasse en volke baseer, het dié teks hulle nog nooit gebring by 'n kruistog om die verskille tussen man en vrou uit te wis nie en in meeste van die ekumeniese kerke word die vrou nog standvastig uit die amp geweer!
- 18) Vgl. die opmerkings van die UCM-president Moulder soos weergegee in die *Sunday Express*, 18. 8. 1968. Hierby kom die uitvoeriger verklaring van die UCM-algemene sekretaris C. B. Collins, *l.c.*, p. 14 - 15.
- 19) Dit is natuurlik moeilik om te bepaal wat die draagkrag van hierdie stelling is. Immers in die Anglikaanse Kerk met sy sterk romaniserende neigings kan die biskop maklik gelykgeskakel word met die Kerk. Dit sou dus kan beteken dat die UCM gekompromitteer is om byvoorbeeld alles wat Joost de Blank of Ambrose Reeves gespreek het, in praktyk te bring. Dit sou 'n interessante situasie afgee! Daarby kom dat die *Congregational Union* in 1960 nog verklaar het dat dit hulle voorreg is om in Suid-Afrika die voorbeeld en beleid van die sendelinge Read, Phillip en Van der Kemp van 'n vorige eeu, voort te sit. Sou dit beteken dat die UCM veelrassige huwelike of geslagsverkeer oor die kleurskeidslyn heen in praktyk gaan bring? Sekerheid kan hieroor nie bestaan nie. Is dit deel van die "opaqueness of ecumenical action (and) ecumenical language . . ." waarna I. Henderson, *l.c.*, p. 10, verwys?
- 20) *Sunday Express*, 18. 8. 1968.

UCM niks anders wil doen of wil wees as 'n organisasie wat gelei en geïnspireer word alleen deur die Woord van God en die voorbeeld van Jesus Christus nie. Of dit inderdaad so is, sal al gaandeweg nog verder beoordeel moet word.

Naas die sterk nadruk wat in die UCM gelê word op sy strewe na die totstandkoming van 'n veelrassige gemeenskap in Suid-Afrika, naas sy beoefening van veelrassigheid, ²¹⁾ het die UCM heelwat verrig op die vlak van die „eksperimentele godsdiensoefening“. Volgens sy doelstellings wil die UCM alle lede van die akademiese gemeenskap oproep ²²⁾ :

“ . . . to love, trust and hope in God, Father, Son and Holy Spirit; to acknowledge Jesus Christ as Lord and Saviour according to the Scriptures; and to be servants and messengers of God's Kingdom in all the world“.

Om dit te kan verwerklik is veral by die Universiteit van Rhodes en in Grahamstown „moderne of eksperimentele godsdiensoefening“ gehou. ²³⁾ Miskien moet die beskrywing van so 'n „moderne erediens“ oorgelaat word aan 'n professionele waarnemer. Daar word dan berig ²⁴⁾ :

„Op die kloppende ritme van 'n Bantoe jazz-orke het 'n gemeente gister hier tydens 'n „stemmings“ kerkdiens rondgedans en hande geklap terwyl rooi, wit en blou ligte in die saal rondgeflits het.

Die flitsende ligte sou die gemeente glo help om op die tema : **Christus, Lig van die Wêreld**, te konsentreer Die kerkgangers is gevra om te doen net wat hulle wil as hulle in die stemming kom. Hulle is trouens aangehelp om in die regte stemming vir aanbidding te kom deur volklidjies en 'n vertoning van uittreksels uit 'n komiese rolprent.

Die saal was met koerantopskrifte, reis- en rolprentplakkate en simboliese skilderye versier, glo om die indruk te wek dat godsdien en die daaglikse lewe op mekaar betrekking het. Daar was net 'n paar stoele in die saal en die kerkgangers het op die vloer rondgesit.

iets wat met reëlmatigheid in hierdie „moderne eredienste“ voor-

21) Vgl. **Die Beeld**, 21. 7. 1968. Dit gee 'n berig van die 1968 UCM-kongres wat gehou is in die **Forest Sanctuary** by Stutterheim. Die berig verskyn onder die opskrif "Wit, swart soen en druk mekaar". Vgl. ook **Die Kerkbode**, 30. 10. 1968.

22) C. B. Collins, 1.c., p. 12.

23) Vgl. die UCM-publikasie **20th Century Campus Worship**.

24) **Hoofstad**, 19 Aug. 1968, asook **Die Transvaler**, 19. 8. 1968.

Die hoogtepunt was 'n aanbieding van die toneelstuk :
Christus in die betonstad — 'n moderne drama oor die
Kruisiging".

kom, is 'n *litany of response and commitment*.²⁵⁾ Dit is besonder interessant om die UCM se vertolking van sy doelstellings af te lei uit die bewoording van dié litanieë. Tydens 'n „moderne erediens" wat op 19 Mei 1968 by die Universiteit van Rhodes gehou is, is allereers liedjies gesing soos **Freight Train, How long Lordie en Run come see** en derglike. Tydens die litanie of wisselgebed is die volgende gebid :

„Leier : Oh, God, who is a starving child with distended belly living off the garbage heaps of our city supplied by the surplus from our tables.

Gemeente : We must learn what it means to love you.²⁶⁾

Leier : O God, who is a South West African 'terrorist' dragging out his days in prison because he could find no other way to break the chains of his blackness.

Gemeente : We must work for your peace".

Tydens 'n „protesdiens" wat die UCM gereël het, om skynbaar by wyse van 'n godsdiensoefening te protesteer teen die wetgewing om kleurlingverteenwoordigers uit die Parlement te verwyder, het daar ook 'n litanie voorgekom.²⁷⁾ Daar is onder andere gebid :

„Leier : O God, who is blasphemed when White power robs

25) **Litanie**, letterlik beteken dit 'n smeekgebed. Dit is altyd in 'n kerkgebou, binne die kader van 'n erediens gehou. Dit kom in die vroegste tyd veral in die Kerk van die ooste voor, maar vind vandaar ook ingang in die Roomse kerk waar dit by voorkeur gesing of gebid word word in boetedoeningsprosesse. Dit bestaan uit 'n voorbede of boetegebed wat gesing of gebid word deur 'n voorganger en beantwoord word deur die gemeente. Hoewel Luther die litanie nog behou, het die gereformeerde protestantisme die litanie verwerp as 'n ydele omhaal van woorde en gebede. Vgl. in hierdie verband F. L. Cross, **The Oxford Dictionary of the Christian Church** London 1957, p. 812 - 813 asook K. Gallig (hrsg.), **Die Religion in Geschichte und Gegenwart**, Tübingen 1960³, Bd. IV, S. 387.

26) In die verbygaan kan net gestel word dat dit nie duidelik is of hiermee bedoel word dat in Grahamstown daar werklik kinders is wat moet lewe van die afval wat op "our city" se afvalhope te vind is nie. Indien wel, is dit tog 'n merkwaardige aanklag teen dié hoofsaaklik-engelstalige stad se maatskaplike diens.

27) In 'n skrywe aan alle UCM-takke, gedateer 24. 4. 1968, skryf die UCM-president in verband met die, toe nog, beoogde wetgewing om die kleurlingverteenwoordiging in die Parlement af te skaf en om die onbehoorlike inmenging in die politiek aangeleenthede van die nie-blanke onmoontlik te maak : "Get the clergy of churches which students normally attend either to preach on, pray about, or otherwise bring this legislation to the attention of the congregation. You might try to persuade them to give a representative of the UCM an opportunity to speak during the Sunday service. (b) Arrange as "resistance worship" on the campus . "

non-Whites of their rights.

Gemeente: Help us reject this legislation.

Leier: O God, whose life blood clots into death when the veins of our humanity are cut by the ideologies of ‚blood‘ and ‚volk‘.

Gemeente: Help us reject this legislation.

Leier: Oh God, who has been allowed to become the abused whore of politicians.

Gemeente: Help us reject this legislation.

Leier: O God, who is being brainwashed into damning human beings who are called communists instead.

Gemeente: We will work to change our sick society“.

Soms is daar tydens hierdie „moderne eredienste“ ook ’n rede gehou. Aangesien dit moeilik is om vas te stel of dit **Woordverkondiging** wil wees, is dit problematies of hier van prediking sprake kan wees. In een van die dienste het die voorganger glo ’n vergelyking getref tussen God en die Eerste Minister en daarop gewys dat Jesus Christus pyn en lyding moes verduur en dit vergelyk met die pyn en lyding waarvoor die Eerste Minister verantwoordelik sou wees. ²⁸⁾ By ’n ander „moderne eredienste“ sou die UCM-president Moore gesê het ²⁹⁾ :

„If you ask me what kind of world we would have if Vorster and God changed places — with Vorster in control — I think I would answer : The kind of world we have now . . .“

By ander „moderne“ of „eksperimentele eredienste“ is die hoofskotel van die byeenkomst gevorm deur die opvoering van toneelstukke. Die tema van die toneelstukke was onder andere die beeerde verdrukking van die Bantoe in die Republiek. ³⁰⁾

Dit is interessant om uit die Engelstalige kerklike wêreld kommentaar oor hierdie sake te verneem. Dr. J. Dalziel, ’n Presbiteriaanse predikant, het ten opsigte van die UCM-president Moore gesê ³¹⁾ :

“The Rev. Basil Moore is a brilliant young man who has much to offer young clergy, but his theology is undoubtedly very, very modern, a fact not always appreciated by older and more conservative laymen and clergy”.

Daarnaas sê die UCM-algemene sekretaris C. B. Collins ³²⁾ :

28) Tydens ’n „moderne eredienste“ gehou op 19. 5. 1968 by Rhodes universiteit.

29) „Moderne eredienste“ gehou op 16. 6. 1968 te Grahamstown.

30) „Moderne eredienste“ gehou in die Anglikaanse katedraal in Grahamstown op 10. 9. 1967.

31) *Newscheck*, 13. 12. 1968.

32) C. B. Collins, *l.c.*, p. 12.

“The UCM endeavours in its worship to find new ways of expressing this search for truth. ³³⁾ For this reason some of the worship forms have been experimental. This is essential as there is no life in an organisation if it does not change. The conventional liturgies of the churches are all results of change brought about by similar convention-breaking groups of the past. ³⁴⁾”

It is perhaps unfortunate that the Press and through the Press the public has only taken note of the gimmicks in these services. These comments have frequently been made by people who have not taken part in these liturgies”.

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie „moderne“ of „eksperimentele eredienste“, soos dit onder beskerming van die UCM gehou word, liturgieë genoem word. Daarom sal dit miskien goed wees om ’n oomblik hier stil te staan. Dié liturgie is en was nog steeds die tegniese term waarmee die geheel van die orde van die erediens van die Kerk aangedui word, dit wil sê die aanduiding van die vorm en inhoud van die diens van die gemeente aan God die Here. ³⁵⁾ Dit gaan dus in die erediens of in die liturgie in die eerste plek om die diens van God en daarom is dit duidelik dat die liturgie nie losgemaak kan word van die geloofsbelydenis van die gemeente en Kerk nie. Die liturgie en die belydenisskrif moet hand aan hand gaan, en het ook nog altyd hand aan hand gegaan en alleen so kan die liturgie dit wees wat dit moet wees, naamlik die sinvolle orde waarvolgens die gemeente die Here God in gees en waarheid dien. ³⁶⁾ Om dit plasties te stel: die liturgie is as ’t ware die weerspieëling van die geloof en die belydenis van die gemeente, dáárdie geloof, dáárdie belydenis is die grond van die liturgie. Daarby kom die verdere oorweging dat die liturgie niks meer is as ³⁷⁾

33) Dit het skynbaar nie tot die UCM deurgedring nie dat die waarheid van God in Jesus Christus gegee is. Dit hoef nie gesoek te word nie, dit is in Gods Woord reeds aan die mens gegee.

34) Dit is moeilik om hierdie argument te verstaan. As die liturgie slegs die resultaat van convention is, dan is dit maar ’n baie los basis waarop die liturgie in die Engelstalige kerke van ons land gebou is en dit klink byna ongelooflik. As die veranderinge in die liturgie van die Engelstalige kerke in die verlede die resultaat was van die werksaamhede van “similar convention breaking groups” soos die UCM, dan sou dit tog verhelderend wees as die historiese bewysplase vir dié stelling beskikbaar gestel sou word.

35) Vgl. in hierdie verband A. D. Pont, Enkele Inleidende opmerkings oor die begrip „liturgie“ vanuit reformatoriese standpunt, artikel in Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 12 Pretoria 1957, bls. 57 vq.

36) H. G. Hageman, The Reformed Church Re-discovers the Liturgy, artikel in Hervormde Teologiese Studies, Jrg. 12, Pretoria 1957, bls. 74. Hy stel o.a. “It was the late Professor van der Leeuw of Holland, I think, who once said that it is impossible to take the little finger of liturgy without having to shake the whole hand of theology”.

37) H. G. Hageman, l.c., p. 74.

“ . . . the instrument by which the congregation gives glory to God . . . the liturgy is a means of the theological and devotional expression, with God’s glory as its sole legitimate object”.

Dit is, baie kort gestel, die Bybelse en teologiese maatstaf wat aangê moet word wanneer ’n liturgie beoordeel moet word en dieselfde maatstaf moet dus ook aangê word by die „eksperimentele” of „moderne eredienste” wat onder die vleuels van die UCM beoefen word. Uit die staanspoor is dit duidelik dat „eksperimentele” liturgie ’n haglike onderneming is. Immers as die liturgie werklik vir ’n eksperiment vatbaar sou wees, en dus nié hoef te berus op verantwoorde kerklike beslissings nie, dan beteken dit ook dat die moontlikheid van ’n „eksperimentele geloofsbelydenis” na vore sou kom en as dit aanvaar moet word, dan kom ons buite die verhoudingsmoontlikheid van God en mens wat deur die Heilige Skrif aan die mens gegee word. ³⁸⁾ Daarby moet weer beklemtoon word dat die liturgie primêr niks anders is of kan wees as die uitdrukking van die gemeente se verering en verheerliking van God die Here nie. Terwyl dit so is, is dit duidelik dat in die kader van die UCM nie alleen die geloofsbelydenis van die Kerk nie, maar ook die doel en sin van die liturgie losgelaat en uit die oog verloor word met die sg. „eksperimentele eredienste”.

Terselfdertyd bly dit egter waar dat die liturgie niks anders kan wees as die weerspieëling van die geloof en die belydenis van diegene wat aan die erediens of liturgie deelneem nie. As die UCM nou ’n „erediens” reël waar die hoofdoel van dié „godsdiens oefening” daarin geleë is om te protesteer teen bepaalde owerheidsmaatreëls; as die litanieë (die wissel- of responsgebode) suggereer dat die Here God “the abused whore of politicians” geword het; as die prediking dit goeddink om politiek demagogie

38) Ten oorsprong kan miskien net daarop gewys word dat vanweë die feit dat die geloofsbelydenis van die Kerk en die liturgie onafskeidelik aan mekaar verbonde is, die liturgie alleen vanweë ’n kerklike beslissing kan ontstaan. ’n „eksperimentele liturgie” wat deur ’n groep of ’n enkeling gefabriseer word, is feitlik ’n *contradictio in terminis*. Waar dit wel gebeur, openbaar dit ’n diepgaande gebrek aan kennis en eerbied vir sowel die geloofsbelydenis as die Kerk, die liggaam van Christus. As Dalziel die „eksperimentele liturgie” van die UCM wil billik net omdat dit “modern” sou wees, dan wil dit voorkom asof hy ook nie die samehange wat hier behoort te geld, behoorlik deurgrond het nie. Verset teen ’n „eksperimentele liturgie” van enkelinge of ’n groep is nie maar net „konserwatisme” nie, dit is gehoorsaamheid aan en eerbied vir die Drieënige God en die Kerk. Daarom is dit so merkwaardig dat die kerke wie se ampsdraers deelneem aan hierdie aktiwiteit nog nie ’n enkele winkbrou in die openbaar gelig het nie. Maar skynbaar, en dit mag miskien onbillik klink, is ook vir daardie kerke die verset teen die owerheid en teen apartheid belangriker as die gehoorsaamheid en eerbied teenoor God die Here.

te beoefen; as toneelspel die verkondiging en uitleg van die Woord van God moet dra dan is dit alles die weerspieëling van die geloof en belydenis van die UCM. Dan is dit duidelik dat die geloof en belydenis wat hier ten toon gesprei word niks te make het met die geloof in en verheerliking van die Drieënige God soos Hy Hom in die Heilige Skrif openbaar nie. Hoewel die UCM die „eksperimentele eredienste” as Christelik aandui, wil dit my voorkom dat dit niks meer is as vervloekte afgodery nie, as hier ’n begrip uit die Heidelbergse Kategismus gebruik mag word.³⁹⁾ Hierdie „eksperimentele” of „moderne” eredienste van die UCM is die sigbaar word van ’n belydenis van ’n beweging wat glo dat rasse-integrasie een van die uitnemendste middels is om hier in Suid-Afrika ’n mensgemaakte paradysie te bou. Terselfdertyd is dit hier, in die „eksperimentele” of „moderne eredienste” dan ook duidelik dat die doel van die UCM, soos geformuleer in art. II van sy grondwet, nie werklik ernstig opgevat moet word nie. In die “20th Century Campus Worship” kon daar niks gevind word wat die deelnemers aan hierdie soort erediens oproep “to love, trust and hope in God, Father, Son and Holy Spirit” nie; daar is hier geen spoor van ’n poging wat aangewend word “to acknowledge Jesus Christ as Lord and Saviour according to the Scriptures” nie, want daar bestaan géén Bybelse fundering vir hierdie „liturgieë” nie. Dit wil ook voorkom asof die deelnemers aan die „moderne eredienste” nie toegerus word “to be servants and messengers of God’s Kingdom in all the world” nie, maar om diensknegte en boodskappers te wees van ’n ander, menslike boodskap wat met die Skriftuurlike Evangelie van Jesus Christus geen verband hou nie. As daar êrens na ’n bewys gesoek word dat die UCM ’n “political student movement under the mantle of religion” is, dan hoef nie verder gegaan te word as die bestudering van die basis, inhoud en vorm van die „eksperimentele” of „moderne eredienste” nie.

In ’n uiteensetting waarin hy hierdie „moderne eredienste” van die UCM nader verduidelik, stel die UCM-president Basil Moore die volgende standpunt⁴⁰⁾ :

“But the criticism which says that we are breaking social custom and prejudice, bolstered up by Government policy, is to me totally irrelevant — for example, having Whites and non-Whites participating together. If my faith and Christian practice must be subservient to Government policy, then I am being asked to indulge in the idolatry

39) Heidelbergse Kategismus, antw. 80.

40) Evening Post, 31. 8. 1968.

of worshipping our law-makers. This I cannot and will not do"

Die primêre teologiese beswaar teen die UCM se „eksperimentele eredienste“ is nie dat dit bont dienste is nie ⁴¹⁾ maar dat met hierdie soort „eredienste“ die grense van die teologies-godsdienstig toelaatbare, moontlik onbewus, oorskry word. Os Moore só gevoelig is vir die afgodery om die wetgewende mag te vereer ⁴²⁾, dan is dit tog merkwaardig dat hy nie raakgesien het dat met die eksperimentele erediens die UCM die band tussen die geloofsbelydens van die Kerk ⁴³⁾ en die erediens afgesny het en dat die „eksperimentele erediens“ bitter min met die eer en verheerliking van God te make het. Juis op dié manier word in die UCM se „eredienste“ tóg in die afgodery verval. Tereg het Die Kerkbode, 30. 10. 1968, opgemerk :

„Ook die godsdienstige byeenkomste van die UCM laat ’n mens twyfel of dit inderdaad nog as Christelik aangemerkt kan word. Sekerlik is daar in die „dienste“ met hul flitsende rolprente, dawerende musiek en algemene ordeloosheid heel weinig — indien enigiets — te bemark van die stille eerbied en vreugde wat ’n ontmoeting tussen God en sy volk behoort te kenmerk“.

Dit is opmerklik dat die Engelstalige kerke wat ’n rol gespeel het in die totstandkoming van die UCM en die beweging ook finansieël steun oor hierdie hele aangeleentheid van die „eksperimentele erediens“ ’n stilswye bewaar. ⁴⁴⁾ Dié stilswye kan meebring

-
- 41) In ekumeniese kringe kan so ’n gebeurtenis nog altyd geregtig word dur die feit dat Josef ’n veelkleurige kleed gedra het of iets dergeliks. Ekumeniese eksegetiese toertjies en vindingrykheid dwing selfs bewondering af, hoewel dit nie beteken dat dit aanvaar moet word nie.
- 42) Moet dit verstaan word as ’n aanklag teen die Afrikaanse kerke wat terwille van die ordelike voortgang van die evangelie nie blank en nie-blank in een kerkgebou vir die erediens saambring nie? Indien wel, is dit duidelik dat die begrippe: eenheid van die geloof en die sigbare eenheid van die Kerk, nog nie ten volle deurgrond en begryp is nie.
- 43) Dit is waar dat die eenheid van die Kerk deel is van die geloofsbelydens van die Kerk. Maar as die klassieke definisie van die geloof in Heb. 11:1 ook in berekening gebring word, dan kry ons meer perspektief op die drakrag van die begrip geloofsbelydens. Daarby is dit opvallend dat die derde ekumeniese simbool, die Geloofsbelydens genoem na Athanasius, die aangeleentheid van die eenheid van die Kerk nie noem nie. Die rangorde in die XII Artikels en in die Geloofsbelydens van Nicea-Konstantinopel is seker ook nie sonder betekenis nie.
- 44) **Sunday Express**, 18. 8. 1968: "The UCM, said Mr. Moulder, was brought into existence by, and has the support of the Anglican, Congregational, Lutheran, Methodist, Presbyterian and Roman Catholic Churches. The chaplains of these churches are actively involved in UCM activities and they each sent an official observer to our annual conference and council in July".

Die Kerkraad van die N. G. Kerk in Grahamstown het, tereg, ’n skriftelike beswaar teen die „eksperimentele erediens“ van die UCM ingedien by die owerhede van die Universiteit Rhodes en het in die verband ook ’n onderhoud met Dr. Hyslop oor die aangeleentheid gevoer. In sy geskrif meld die Kerkraad dat bepaalde politieke en maatskaplike sake nie tuis behoort by soiets soos "campus worship" nie.

dat daardie kerke self beskuldig kan word dat hulle iets aanvaar wat hulle kerk-wees ernstig in die gedrang bring en hulle lidmate op verkeerde paaie lei. Aan die ander kant is dit weer so dat die ekumeniese gedagte-wêreld wat in die Engelstalige kerklike wêreld van ons land sy grootste steun vind, weinig oog of tyd het vir die Bybelsa beginsels waarop die geloof en lewe van die Kerk gebou is. Ook dáár is die „kruistog teen apartheid“ skynbaar belangriker as die evangelie van Jesus Christus, ⁴⁵⁾ ook daar is die social creed belangriker as die belydenis van die geloof.

Uit die vorm en inhoud van sy „eksperimentele eredienste“ kan dit dus verstaan word dat die UCM hoofsaaklik op een doel gerig is en dit is : **to make real the unity and liberty of all men,** ⁴⁶⁾ en dat dit die som-totaal en inhoud is van „Jesus' teaching“. Nou is dit so dat in ons land elkeen kan sê, dink en doen wat hy wil binne die raamwerk van die wet en orde wat hier geld. As die UCM, vir welke rede ookal, hulleself verset teen die bestaande orde dan kan daarteen ook geen beswaar gemaak word nie mits die beweging ook hierin nie die reëls van die spel verontagsaam nie. Maar terselfdertyd beteken dit ook dat die nodige kritiese kanttekeninge by die optrede van die UCM gemaak moet word omdat hierdie beweging wat hom toespits op die studerende jeug, die moontlike toekomstige leiers van die land op Bybels-onverantwoordbare bane wil lei.

Nou is dit, om verder te gaan, opmerklik dat die UCM baie sterk klem lê op die Christelike basis waarvandaan die beweging opereer. Maar terselfdertyd is dit duidelik dat die UCM nie slegs op die kerklik-godsdiensige vlak wil bly beweeg nie maar sy trefkrag en effektiwiteit op die politieke terrein ook wil uitoefen. Dat die UCM instaat geag moet word om op die politieke terrein as 'n drukgroep te opereer, blyk daaruit dat die 1968 NUSAS-president, John Daniel, die UCM getipeer het as "the largest non-racial student organisation" in Suid-Afrika. ⁴⁷⁾ Wat sy **politieke gerigtheid** betref, het die UCM-algemene sekretaris dit as volg gestel ⁴⁸⁾ :

"It has been said that the UCM is a political student move-
under the mantle of religion. If by being involved in politics
is meant that the UCM represents or is identified with the

45) Vergelyk die SACC-pamflet **A Message to the People of South Africa**, asook **Sunday Tribune**, 20. 10. 1968.

46) **Motion 10/67**, reeds aangehaal.

47) Hierdie stelling wat ek nie kan kontroleer nie, word enigermate gekwalifiseer deur C. B. Collins, 1.c., p. 12 wat stel : There are now some 20 formal or informal branches of the UCM at Universities and Training Colleges". NUSAS stel self in 1968 sy ledetal op ongeveer 23,000.

48) C. B. Collins, 1.c., p. 14. Die slotsin van hierdie aanhaling is nogal merkwaardig.

views of a particular political party then it is false. The UCM is not a political party nor has it identified itself with one. If, however, by politics is meant an interest in Man in his actual situation, then the UCM is political. In this it is in the main stream of Christian thinking from the earliest days of Christianity”.

Soos reeds aangetoon, is dit die verklaarde doel van die UCM, netsoos van die **S. A. Council of Churches**, **NUSAS**, die **S. A. Institute of Race Relations** en die **Christian Institute of S.A.** ⁴⁹⁾ om die landsbeleid van apartheid te bestry op alle moontlike vlakke en om in ons land ’n geïntegreerde samelewing te probeer skep. ⁵⁰⁾ Dit wil selfs voorkom asof die UCM hierdie doelstelling nie net wil propageer nie maar ook aktief wil uitleef ⁵¹⁾ en ook, as dit so gestel kan word, wil afdwing. Op die 1968 UCM-kongres het die uittrekkende president dit as volg gestel ⁵²⁾ :

“It (dit is die UCM) is also a non-racial movement, concerned about justice, reconciliation, and peace in society ⁵³⁾ . . . Here UCM is engaged in a life and death struggle between freedom and authority and, I hope, our churches are engaged with us. . . . On some occasions our freedom to meet has been denied by the host of legislation to prevent such meetings across the imposed barriers of race. Many of us too have been afraid to meet because we fear that there is legislation against what we are doing — and

49) Die UCM is sowel by die SAIRR as die CI geaffilieer.

50) Gedurende April 1968 het B. Moore, J. Moulder, L. Lobb en D. Novitz deelgeneem aan ’n protes teen die Wet op onbehoorlike inmenging. Daarvoor is hulle aangekla en in Junie 1968 skuldig bevind en beboet.

51) **Motion 17/68** wat deur die 1968 kongres van die UCM aanvaar is, stel : That the Director for Social Action be instructed to give immediate attention to the following : i. strategies for **non-violent direct action**; . . . iv. the establishment of local committees which will be responsible for the action and discussion groups envisaged in (i), (ii), and (iii). „Dit mag vermeld word dat die Amerikaanse neger en pion van die kommunisme, Martin Luther King, in UCM-kringe hoog aangeskrewe is. In 1968 is ’n roudiens ter ere van King deur die UCM in Grahamstown gereël, terwyl in die UCM-lyfblad, **One for the Road**, ’n lofrede ter ere van King voorkom. Daarin word hy veral beskrywe as ’n man wat sy hele lewe lank daarna gestreef het om „liefde“ te beoefen, vrede te bevorder, geweld te vermy en die waarheid te praat. Dit is egter noodsaaklik om ook kennis te neem van The Church League of America se uitstekende publikasie **Martin Luther King Jr. His Three-pronged attack on : Christ and the Bible, The United States of America, Law and Order, Illinois 1968.**

52) **Minutes of the 2nd Council Meeting of the UCM – 1968**, p. 18.

53) Dit is interessant om daarop te let dat bv. **reconciliation** in die terminologie van die UCM beteken : “ . . . that we try to discover how to live together. To legislate that we must live apart, think apart, plan apart, and act apart is surely the very antithesis of reconciliation”. **Justice** beteken dat die nie-blanke gelyke regte oral in Suid-Afrika met die blanke moet kry. **Peace** beteken : a social happening, an event in inter-personal relations. Vgl. **Minutes** ens., p. 43.

because we know that even if it were not illegal, we can be acted against in terms of very sweeping powers — the powers to ban, to imprison without trial, to remove passports and to dismiss from institutes of higher learning ⁵⁴) . . . If the UCM takes itself seriously, it has a tough road ahead on every conceivable front . . . To be this kind of movement it has to do the massive job of converting its own members by helping them to see that the acceptance of freedom entails the granting of freedom to others ⁵⁵) . . . we will have to face the tremendous menace of an authority which is prepared to cut through almost every stand we take together — our Christian duty as citizens of our countries to protest against injustice and immorality, our right to associate when we desire to associate is mutual, irrespective of colour, class or denominational difference . . . and our right to act in accordance with what we believe ⁵⁶)”

Dit is interessant om in hierdie verband die besluit van die studiegroep **Politics, Power and Social Change** na te gaan soos dit voor die 1968 UCM-kongres gelê is. Daar word, onder anders gestel ⁵⁷):

“Therefore our basic strategy must be to promote among all people the basic belief in the human dignity and rights of all men and especially of the powerless or dispossessed. This strategy must not limit itself to moral persuasions and exhortations. It must employ the principle of self-interest mentioned above ⁵⁸) in realization that **only when a threat is posed will a change come about**”.

Dit is dus duidelik dat die ideaal nie net met woorde nie, maar ook met dade bevorder moet word. Dieselfde patroon van denke is op die UCM-kongres beklemtoon deur die drietal sprekers wat

-
- 54) Hier word, jammer genoeg, nie gestel dat hierdie magte aan die owerheid opgedra is om die **kommunisme** te bestry en dat dit alleen vir dié doel opgestel en gebruik word. Dit is 'n ope vraag of die UCM bereid sal wees om die kommunisme te veroordeel.
- 55) In die kader van UCM-denke beteken **freedom for others** die kapitulasie van die blanke in Suid-Afrika voor die eise van „een man, een stem”.
- 56) Vgl. in hierdie verband ook die rapport van die studiegroep wat gehandel het oor **Church and Social Change**, Minutes ens. 1968, p. 62.
- 57) Minutes ens. 1968, p. 64. Wat die Bybels-Christelike basis vir hierdie stelling is, is onduidelik.
- 58) Social structures and relations also involve self-interest. Thus society will not be changed merely by appealing to its conscience or to moral standards. Society must be convinced that human justice is a matter of self-interest, and that changes on behalf of the disenfranchised are ultimately for the enfranchised as well. This change will only occur when the self-interest of those who have power is **threatened**”. Dit is nie duidelik of hier een of ander vorm van afpersing bepleit word nie, maar dit is wel duidelik dat die UCM nie slegs met die woord hulle saak wil bevorder nie.

Keynote addresses gelewer het. Hierdie sprekers was Mev. Jean Sinclair van die Black Sash-beweging wat veral vir "action" gepleit het om nou 'n veelrassige gemeenskap in Suid-Afrika te vestig.⁵⁹⁾ Daarna het prof. A. van Selms 'n uiteensetting gegee van die situasie in en van die Kerk vandag en onder andere die stelling neergelê⁶⁰⁾ :

"But the church should accompany with its message of comfort and hope both the revolutionary and the evolutionary agent and in any case refrain from any utterance which might be understood as a theological justification of the social and political conditions of the day".

Ook hier dus die beklemtoning van die noodsaaklikheid van "change" wat dan ook beluister kan word in die derde toespraak wat deur die UCM-algemene sekretaris gelewer is.⁶¹⁾ Hier is ook die nadruk gelê op die "international brotherhood" en op die "just distribution of wealth" — frases wat in die WCC-denke baie voorkom en ook nogal klink na die soort van sê-goed wat in sosialistiese kringe populêr is.⁶²⁾

As die 1968 UCM-kongres beoordeel word, dan wil dit lyk asof die UCM vanaf sy „christelike basis" hom pertinent en aktief wil beywer vir "the unity and liberty of all men" en dat dit ge-

59) **Minutes** ens. 1968, p. 71 - 76.

60) **Minutes** ens. 1968, p. 81. Dit is merkwaardig dat prof. van Selms wat sinds 1938 in Suid-Afrika leef en werk, met 'n enkele onderbreking, en steeds 'n Nederlandse burger gebly het, hierdie raad aan die UCM in Suid-Afrika gee. So ver ek kon vasstel het Van Selms in die verlede nog altyd erediensste op Nederlandse feesdae soos „Koninginnendag" en dergelike gelei. Sou dit beteken dat hy wêl bereid is om die "social and political conditions of the day" wat Nederland betref, te aanvaar, maar nié in Suid-Afrika nie? Hierdie opmerking is buitendien vir 'n uitlander 'n taamlik gewaagde stelling veral aangesien ons in Suid-Afrika nogal te make het met "revolutionary agents". In sy rede het daar ook 'n opmerking oor die Afrikaanse kerke geval (p. 78). "But that some other Afrikaans churches who formerly were members of the ecumenical organisation left that body and this for the slightest of reasons, the politically inspired unrest among some of their congregations — this I think, cannot be considered anything else than a sin, and will inevitably lead to stagnation, suffocation and corruption. The time has come for the judgment to begin; it is beginning with God's own household". Die rede wat hier aangegee word vir die Afrikaanse kerke se onttrekking aan d'e WCC is nie korrek nie. Daarom lyk dit asof die konklusies wat hier getrek word, ook in die lug hang en eerder as wensdenkery geklassifiseer moet word. Buitendien is dit vir 'n Bybels-reformatoriese Kerk duidelik dat die Kerk sy gehoorsaamheid aan God veel eerder buite die WCC, soos hy tans saamgestel is en volgens die taal wat hy tans praat, kan verdiskonteer as binne die wêreldse raad van kerke wat die WCC geword het.

61) **Minutes** ens. 1968, p. 82 ff. Hier word 'n pleidooi gelewer dat die Kerk meer „demokraties" geregeer moet word en dat die Kerk hier baie van die "socialist systems" kan leer! Dit is duidelik dat Collins nie 'n baie duidelike begrip het van die basis van die kerklike reg of organisasie soos dit deur die Heilige Skrif geleer word nie.

62) Vgl. bv. die 1955 **Freedom Charter**.

doen word met die gedagtes, terminologie en uitgangspunte van die sosialisme en nié vanuit 'n Bybels-regverdigbare standpunt nie. Miskien moet hierby in gedagte gehou word dat in ekumeniese kringe aktiewe en selfs rewolusionêre optrede om die doelwitte van die ekumeniese Christendom op aarde te bereik as geregverdig en noodsaaklik beskou word. Volgens bepaalde kringe in die WCC wil dit selfs voorkom asof die mening bestaan dat dit wat hulle as die Koninkryk van God verstaan, definitief per rewolusie op aarde gevestig moet word. ⁶³⁾ Daarby moet bedink word dat 'n onderdeel van die Koninkryk van God, volgens die ekumeniese denke, rasse-integrasie is en dat die Koninkryk van God alleen op aarde gevestig kan word as alle mense gelyke stemreg het en dit dan veral in die Westerse lande en in Afrika. Die situasie agter die Ystergordyn word nie aan dieselfde eis onderwerp nie. Daarom is dit ook in die kringe van die WCC so 'n afgryslike sonde as rasse-integrasie teengestaan word want daarmee word die koms van die Koninkryk van God vertraag. ⁶⁴⁾

Hoe ver hierdie tendense van die WCC se rewolusionêre teologie al in die kringe van die UCM deurgewerk het, word duidelik in die eerste uitgawe van die UCM-lyfblad **One for the Road** ⁶⁵⁾. Die eerste artikel in hierdie blad lewer 'n pleidooi vir **student power** en 'n studente-rewolusie ⁶⁶⁾ volgens die patroon van die studenteopstande in verskillende oorsese lande. Hierdie artikel wat al skerp veroordeel is ⁶⁷⁾ is nogal interessant en hoewel reeds gestel is dat dit nie die opvattinge van die UCM weergee nie, ⁶⁸⁾ is dit wel tekenend van die denke wat binne die UCM as aanvaarbaar getipeer kan word want anders sou dit nie opgeneem kon word in die blad nie. Die uitgangspunt van hierdie artikel is dat die studente die enigste rewolusionêre groep of klas is wat in die westerse wêreld oorgebly het want die proletariaat, wat in die klassieke Marxisme beskou is as die basis vir die rewolusie, word beskou as 'n uitgediende mag wat nie instaat is om werklike maatskaplike vergadering teweeg te bring nie. Die studente, so word betoog, moet nou die rol opneem wat Marx aan die proletariaat toebedeel set in die poging om „'n beter wêreld" te vestig. Presies wat met die "social change" bedoel word waarvoor "student power" hom moet beywer, word in die artikel nie duidelik uiteenge-

63) Vgl. C. J. Mans, *Kerk en Rewolusie*, artikel in *Almanak van die Ned. Herv. Kerk* 1969, Krugersdorp 1968, bls. 82 - 86.

64) C. J. Mans, a.w., bls. 84.

65) Hierdie uitgawe van die blad is in Augustus 1968 deur die owerheid verban.

66) A. Shutte, *Student Power*.

67) *Hoofstad*, 19. 8. 1968 waar 'n artikel gepubliseer is, opgestel deur die Van der Hoff Teologiese Vereniging aan die Universiteit van Pretoria.

68) *Sunday Express*, 18. 8. 1968.

sit nie maar dit is waarskynlik dat rasse-integrasie en die sisteem van een man, een stem die basiese vorm van die "social change" wat vir Suid-Afrika beoog word, sal moet wees. ⁶⁹⁾ Dit is verder problematies of hierdie rewolusie wat hier bepleit word 'n geweldadige rewolusie moet wees al dan nie. 'n Sekere mate van geweldadige optrede word wel gesuggereer as gestel word dat openlike vyandskap ten opsigte van die Owerheid tot 'n botsing sal kan lei. ⁷⁰⁾ Interessant is dat in hierdie artikel nêrens gesuggereer of aandui word dat die studente-opstand in die oorsese, westerse lande grotendeels links geïnspireer was nie. ⁷¹⁾ Hieruit blyk wel, terloops, die groot blinde kol wat die UCM en sy publikasie na links vertoon.

In die opvolgende artikel in **One for the Road** wat die titel **Sjalom** dra, gaan dit om die eenheid van alle mense in die wêreld en die verwerping van nasionalisme as 'n struikelblok in die pad van die vestiging van 'n „wêreldgemeenskap“. 'n Foto van Sharpeville en 'n aanval op apartheid as 'n ideologie wat dan teenoor die „evangelie“ staan, toon verder die gerigtheid van hierdie publikasie op die politieke terrein. ⁷²⁾ Uit hierdie laasgenoemde artikel wil dit tog blyk dat dit in die UCM nie gaan om die Bybelse evangelie van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer nie, maar om 'n **social creed** of om die sogenaamde **religious socialism** waar dit gaan om die "freedom" van die mens en nié om die verlossing uit die slawehuis van die sonde nie. Daarom word ook betoog dat die Evangelie van Jesus Christus 'n mens juis red van rasse-klassifikasie en die diskri-

69) So ver ek kon vasstel word in die kringe van die ekumeniese denke die politieke patroon van een man, een stem in Suid-Afrika as 'n primêre eis gestel. Die enigste min of meer uitgewerkte toekomsbeeld soos die ekumeniese denkers binne en buite Suid-Afrika dit geformuleer het, sal die BCC-geskrif *The Future of South Africa* en die besluite van die Mindolo-konferensie van 1964 wees soos weergegee in *Christians and Race Relations in Southern Africa*, Geneve 1964.

70) A. Shutte, **Studente Power**.

71) Vgl. o.a. Ir. P. Vardy, *De Duitse studentenoppositie*, artikel in **Wending**, spec. num., Den Haag 1968, blz. 697: „In een inventaris van het marxisme van vandaag hoort de Duitse studentenoppositie een plaats te hebben. Er bestaat weinig twyfel over het marxistiese karakter van de Duitse studentenbewegingen“. Ten opsigte van die situasie in Frankryk vgl. o.a. A. Harrigan, *Washington Report*, June 3, 1968, "The regular Communist Party organisation quickly took over the nationwide strikes after the student revolt. Thus the Communist Party apparatus found the Trotskyites to be useful proxies. This is not surprising, for the regular communist establishment no longer was against the undisciplined splinter groups but, instead orchestrates their efforts in a grand strategy of promoting chaos in the Western countries". Ten opsigte van die VSA, vgl. o.a. R. Hessen, *Campus or Battleground?* artikel in *Barron's National Business and Financial Weekly*, 20. 5. 1968.

72) J. A. Polley, *Gospel or Ideology*.

minasie, want die „redding“ van Jesus Christus neem nie 'n mens se ras in ag nie. Daarby word dan gestel dat elke christen die reg het hiërdie besondere inhoud van die Evangelie te verkondig ⁷³).

Dit is natuurlik opmerklik dat hierdie „evangelie“ waarna verwys word, nêrens in die Bybel voorkom nie, géén deel uitmaak van die verkondiging van die apostels of die vroeë Kerk nie. Dit is ook geen Christelike evangelie nie, slegs deel van die sosialistiese boodskap wat nou se dae verhef is tot 'n hoë eis van die Christelike geloof. ⁷⁴)

Die vraag is natuurlik : Waar kom die UCM aan hierdie „evangelie? wat sou die oorsprong wees van hierdie, as Christelik aangediende, sosialistiese denke? Die antwoord lê waarskynlik in die skakelings wat die UCM het enersyds met die ekumeniese denke van ons tyd en andersyds met die UCM-beweging van die VSA.

Dat daar 'n skakeling bestaan tussen die UCM en die ekumeniese beweging en denke van ons tyd is duidelik aangesien die kerke wat steun en medewerking verleen het by die stigting van die UCM ook grootendeels saamgesnoer is in die SACC. Hierdie ekumeniese liggaam is op sy beurt weer geaffilieer by die WCC en tree in Suid-Afrika op as die geluidversterker van die oorsese ekumeniese denke. Presies wat die SACC in Suid-Afrika te sê het, het gedurende Oktober 1968 duidelik geword toe in naam van die SACC die **A Message to the People of South Africa** gepubliseer is. ⁷⁵) Uit hierdie **Message** word dit duidelik dat die SACC nie primêr geïnteresseerd is in die evangelie van Jesus Christus soos dit in die Heilige Skrif gegee is nie, maar in **christian power**. Die bedoeling van die **Message** word as volg opgesom ⁷⁶) :

“In the name of Christianity, the South African Council of Churches has declared war on apartheid. To try to say it any other way is to scratch for euphemisms”.

Die tragiek van die ekumeniese denke soos dit gevind word by die WCC, die BCC, die NCC en elders is dat dit al so geïnfiltrer is deur die sosialistiese denke dat die hele ekumeniese beweging grotendeels daarop ingestel is om die doelwitte van die sosialisme na te jaag en om dié voor te stel as die uitnemende doelwitte

73) J. A. Polley, **Gospel or Ideology**.

74) Vgl. **Sunday Express**, 18. 8. 1968 waar gestel word dat die blad **One for the Road** nie noodwendig die amptelike UCM-standpunt weergee nie.

75) **South African Council News**, artikel in **Christian Council Quarterly**, No. 88, 1968, p. 8.

76) **Sunday Tribune**, 20. 10. 1968 — my kursivering.

wat die gelowige Christen ook moet nastreef. ⁷⁷⁾ Hier word die Christelike geloof en die lewe en werk van die Kerk omgebuig om 'n ander heer te dien as die Drieënige God van die Heilige Skrif. So gebeur dit dat die WCC, die BCC, die NCC en ook die SACC liggame is wat deur die uitdra van hulle boodskap uitnemende wegbereiders is vir die sosialistiese denke omdat hulle presies dieselfde sê as die sosialisme maar slegs in 'n kerklike taal. Vir enige liggaam wat hierdie ekumeniese denke sondermeer oorneem of aanvaar, beteken dit dat sy boodskap nie meer primêr die Bybelse evangelie van Jesus Christus dien nie maar die sosialistiese denke soos dit „Bybels” geregverdig word.

Die skakeling van die Suid-Afrikaanse UCM met die Amerikaanse UCM is besonder interessant. ⁷⁸⁾ Gedurende 1967 het die UCM-president Basil Moore, die kongres van die Amerikaanse UCM bygewoon nadat die Amerikaners dit vir hom moontlik gemaak het. In 1968 het 'n tweetal lede van die Amerikaanse UCM die plaaslike UCM-kongres by Stutterheim bygewoon. ⁷⁹⁾ Hierdie skakeling met die Amerikaanse UCM is vir die plaaslike UCM waarskynlik nie net op die ideologiese vlak belangrik nie maar op die stoflike vlak ook voordelig. Want, volgens die 1968-Kongresstukke, het die plaaslike UCM beplan om vir die boekjaar 1968 – 1969 'n bedrag van meer as R16,000 van Amerikaanse kerke en kerklike instansies te ontvang. ⁸⁰⁾ Daarteenoor verwag die UCM om maar ongeveer R1200 van die Suid-Afrikaanse kerke te ontvang en om self iets meer as R5,000 in te samel. Dit beteken dat die UCM meer as 60% van sy totale inkomste uit die VSA verwag. Die vraag is natuurlik waarom die Amerikaanse kerklike instansies bereid is om die UCM alhier so swaar te subsidieer. As mens kyk na die enorme bedrae wat Amerikaanse kerklike organisasies beskikbaar gestel het vir die regsverteenvoording van die 33 SWA-terroriste, dan wil dit voorkom dat die UCM alhier finansieel vanuit die VSA gesteun word omdat die liggaam

77) Dit word baie netjies geïllustreer in H. Cox, *Kerk en Revolusie*, Baarn 1968, blz. 9 – 15, 16 – 33 om maar net een voorbeeld te noem. Dieselfde kan van die reeds meergenoemde *The Future of South Africa* gesê word.

78) *Die Vaderland*, 9. 7. 1968 berig : Die president van NUSAS het gesê dat hoewel daar geen organisatoriese verband tussen die UCM van Amerika en SA is nie, daar tog verbintenisse tussen die twee organisasies bestaan. *Ecumenical Press Service*, 13 Maart 1969 meld : The University Christian Movement, a national organization including the campus student groups of most Christian churches in the U.S., has voted itself out of existence. The decision to terminate the 30-month old ecumenical agency was made in Washington DC, on March 1 by the UCM's general committee.

79) *Minutes* ens. 1968, p. 1 – 2.

80) Van die Methodist Church USA R10,000; van die NCCC R400; van die United Presbyterian Church USA R1,400; van die World Student Christian Federation R4,300.

bereid is om daadwerklik die stryd teen apartheid aan te bind. Hierdie gedagte word versterk deur die opmerking wat die UCM-president Moore na aanleiding van sy Amerikaanse besoek gemaak het ⁸¹⁾ :

“The final area covered in our discussion was the strategy which the SA UCM, the USA UCM, and SCM’s in neighbouring states might adopt in order to bring about the desired social, political, and economic change in Suoth Africa . . . If Southern Africa is to be a multi-racial land in which the overwhelming majority are not “white”, then even in Christian organisations whites will have to accept that they do not have the inalienable right to impose their wishes, ideas, and structures on the non-whites”.

Die hele UCM-aksie vanaf sy „christelike basis” is, volgens hierdie uiteensetting, om in samewerking met die Amerikaanse UCM en ander derglike liggame in ons buurstate, Suid-Afrika te omvorm in ’n multi-racial land, ’n land waar die blanke in die toekoms miskien nog net geduld sal word. Hier formuleer die UCM-president die identiese, primêre doelstelling as die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party in 1964 ⁸²⁾ en word allereers duidelik dat die UCM nie vanuit die evangelie dink en beplan nie, maar veel eerder in die klimaat van die sosialistiese ideale. Dit is sterk te betwyfel of die UCM-president van hierdie ooreenkoms weet en juis daardeur word weer duidelik hoe die ideale van die sosialisme al deurgewerk het in die ekumeniese beweging sodat dit daar as evangelie aanvaar word. ⁸³⁾

Andermaal kan daarop gewys word dat die denke van die linkse magte van ons tyd, op welke terrein hulle ookal beweeg, al meer en meer ineengewef raak. Stellings wat deur die kommunisme gemaak word, eise wat deur die kommuniste gestel word, word feitlik netso teruggevind by die woordvoerders en in die dokumente van die ekumeniese beweging. So kan dit gebeur dat ’n ekumeniese liggaam suiwer kommunistiese propaganda verkondig of kommunisties-gestelde doelwitte nastreef, maar terselfdertyd kan stel dat hy niks meer doen as om reeds geformuleerde standpunte en doelwitte van die ekumeniese beweging self daar duidelikheid oor hierdie aangeleentheid bestaan en daarom

81) B. Moore, *Wide, Wonderful USA*, art. in *One for the Road*, Junel 1968. My kursivering.

82) *The Road to South African Freedom*, dan veral Hoofstuk 6, *Immediate proposals of the Communist Party*, p. 55 – 56. Dié situasie word in die ekumeniese beweging as volkome billik beskou vgl. noot 12. Dit is natuurlik ’n ope vraag of die UCM dit beseff want die ekumeniese beweging stel ook die eis dat ons land ’n veelrassige land moet word.

83) Vgl. noot 77.

moet andermaal gekonstateer word dat dit as onwaarskynlik geag moet word dat die UCM daarvan bewus is dat hy in Suid-Afrika doelstellings nastrewe wat ook nagestreef word deur die S.A. Kommunistiese Party. Vandaar dat die UCM juis 'n liggaam is waarvan die propaganda en uitsprake baie versigtig gehanteer moet word en skerp-krities bekyk moet word want dit is nie altyd suiwer Bybelse denke nie, maar al te dikwels sosialisties-geïnspireerde ekumeniese denke.

In ieder geval beteken die skakeling van die plaaslike UCM met die Amerikaanse UCM dat daardeur 'n verbindingslinie bestaan of geskep is tussen die uiters-linkse **New Left**-beweging onder die jeug van Amerika en die UCM alhier. Want uit die beskikbare gegewens wil dit voorkom dat die UCM in Amerika geskakel is met die sogenaamde **New Left**-beweging wat hoofsaaklik bestaan uit die **Students for a Democratic Society (SDS)** en die **Student Non-Violent Co-ordinating Committee (SNCC)**.⁸⁴⁾ Uit die lyfblad van die Amerikaanse UCM, **Second Look**, word dit ook duidelik dat die UCM aldaar in baie dieselfde idioom van anargisme, nihilisme en verset teen alle gesag dink as die **New Left**.⁸⁵⁾ Die **New Left** in die VSA verteenwoordig aldaar dieselfde soort denke as die studente-bewegings van Rudi Dutschke in Duitsland en Cohn-Bendit in Frankryk⁸⁶⁾ en dra dieselfde anargistiese aksente. Die motiewe van die optrede van die SDS, die een komponente van die **New Left**, by Columbia Universiteit gedurende April 1968 is as volg beskrywe⁸⁷⁾ :

“SDS’s short range objective is to achieve **student power**, which means total control of the university . . . But the long range objective of SDS is even more sinister . . . The point of the game was power. And in the broadest sense, to the most radical members of the SDS Steering Committee, Columbia (University) itself was not the issue. It **was revolution**, and if it could be shown that a great uni-

84) Vgl. **Newsweek**, 24 Mei 1965 asook **U.S. News and World Report**, 20 Jan. 1969.

85) Vgl. **Second Look**, die lyfblad van die Amerikaanse UCM van 22. 10. 1968 waar 'n uitvoerige berig voorkom hoe 'n UCM-ampsdraer wat ook 'n leidende rol in SNCC speel, in botsing met die owerhede geraak het. Vgl. ook die artikel **UCM Goals and Objectives** waar ten opsigte van die Kerk gestel word dat een van die doelwitte van die UCM is: “Explore the viability of working in local church structures and the possibility of an underground church as an alternative . . . Make the church a sanctuary for objectors to the draft and the war, and aid stations for urban rebellion refugees”. Dit hang saam met die doelstelling, soos reeds eerder geformuleer: “Find ways to support revolutions for social, political and economic justice in the Third World”.

86) Vgl. noot 84.

87) R. Hessen, l.c. Sou hierdie beskrywing van **student power** ook dieselfde bedoel as die artikel in **One for the Road**?

versity could literally be taken over in a matter of days was secure. Everywhere the purpose was to destroy institutes of the American establishment, in the hope that out of the chaos a better America would emerge”.

In aansluiting by hierdie beskrywing van die optrede van die SDS by Columbia University in the VSA is dit nou interessant om van die kant van die Amerikaanse UCM 'n beskrywing te lees van hulle visie op die situasie in Suid-Afrika. ⁸⁸⁾ Dat die Amerikaanse UCM in die idioom van die sosialisme dink as hulle oor Suid-Afrika

“Black, brown and white alike, they are challenging not only the government but the entire white community — that segment of South Africa with the power — which is committed to, accepting of, or resigned to apartheid and the police state. The struggle of UCM, NUSAS and other student and church groups are quite probably the last chance for a peaceful change before the holocaust of race war descends upon Southern Africa. ⁹⁰⁾

Dit is nie merkwaardig dat die Amerikaanse UCM die situasie in ons land so beoordeel nie want in die uiteensetting van hulle **Goals and Objectives** word onder andere gestel dat die volgende die doelwitte van die Amerikaanse UCM ten opsigte van die wêreld is ⁹¹⁾ :

- “1. Make available US resources for constructive development at home and abroad;
2. Withdraw US military from abroad;
3. **Support Southern Africa revolution;**
4. Develop more contacts and exchanges with student movements around the world;
5. Work to eliminate racism, and organize the powerless;
6. Create new political structures which are more responsive to the will of the people”.

Waar die Amerikaanse UCM nou steun wil verleen aan die **Southern African revolution** is dit nie presies duidelik wat daarmee be-

88) **Second Look**, 22. 10. 1968 p. 6.

89) Vgl. **Second Look**, 22. 10. 1968, p. 5 waar daar gestel word : Neither is it necessary to wait for some charismatic figure such as Marx, Mao or Castro to write an ideology. It has to arise, at least as far as the UCM is concerned, from our common experience, experiments, and by an effort to integrate our Christian heritage in our social involvement”.

90) Interessant is dat Kaunda van Zambië in dieselfde terminologie dink. Vgl. **Elseviers Weekblad**, 4 Jan. 1969.

91) **Second Look**, 22. 10. 1968 p. 2. Geen wonder dat **US News and World Report**, 20 Jan. 1969 ten opsigte van die **New Left** sê : “There have been youth rebellions many times in the past — but this is the first one that is trying to nibble away at our national security and our national will.

doel word nie. Dit is moontlik dat daarmee steun toegesê word aan die rewolusionêre magte wat in Suidelike Afrika daadwerklik met oorlog besig is. Aan die ander kant is dit ook moontlik dat daarmee steun toegesê word aan dié bewegings, drukgroepe en organisasies wat in Suid-Afrika besig is om die voorwaardes vir 'n geweldadige rewolusionêre situasie te skep. Derdens is daar die moontlikheid dat met *revolution* slegs daardie magte en bewegings bedoel word wat verandering in Suid-Afrika **bepleit**, dus 'n verandering van die bestaande orde na 'n **non-racial** gemeenskap. Dit is onmoontlik om vas te stel wat die Amerikaanse UCM presies bedoel met sy formulering. Daarom is dit wel interessant om die vraag te vra in hoeverre die Amerikaanse UCM probeer om uitvoering te gee aan die besluite van die **Tricontinental Conference of African, Asian and Latin American peoples** wat in 1966 in Kuba gehou is. Daar het daardie Konferensie vasgestel ⁹²⁾ :

“Racial discrimination is practised by imperialists, colonialists and neo-colonialists in large regions of the world. This practice acquires its most repugnant, brutal and diabolical proportions in the policy of apartheid, which oppresses and abuses the people of South Africa and threatens the people of Zimbabwe (dit is : Rhodesië) reducing them to a perpetual condition of servitude. It is an instrument for exploitation and one of the most unjust and barbarous forms of inequality. The Conference hereby proclaims the full equality of all men and the people's duty to fight against demonstrations and racism and discrimination, and hence, absolute support for the people of Zimbabwe against Ian Smith's racist government and also support for the international solidarity movement against the South African regime

The Conference hereby proclaims the right of the peoples to obtain their political, economic and social liberation by means which they deem necessary, including armed struggle, to reach their objective . . .

The Conference hereby proclaims the right of the people to meet imperialist violence with revolutionary violence . . .”

Hieruit kan mens aflei wat die kommunistiese doelwitte vir Suidelike Afrika in 1966 was en dit is dan ook opvallend hoe die ekuemeniese denke op sommige punte by hierdie stelling aansluit. Dit toon andermaal dat die denke van die Amerikaanse UCM nie meer suiwer-Bybelse denke genoem kan word nie en daarom is die skakeling van die Amerikaanse UCM met die plaaslike UCM 'n

92) Vgl. A. D. Pont, *Kroniek in Die Hervormer*, Februarie 1967.

saak wat 'n sekere mate van besorgdheid wek want dit is 'n ope vraag of die plaaslike UCM krities ingestel kan wees ten opsigte van die standpunte van die Amerikaanse UCM.

In hierdie verband is dit miskien nuttig om 'n oomblik te let op die algemene kommunistiese strategie en hoe dié daarop gemik is om 'n rewolusionêre situasie te skep in 'n land wat verower moet word. Tereg het Shutte daarop gewys dat die proletariaat nie meer deur die kommuniste aanvaar word as die basis waarvan 'n rewolusie geloods kan word nie. ⁹³⁾ H. van den Enden het onlangs wéér daarop gewys dat hierdie opvatting wat deur Marx en Engels geformuleer is, reeds deur Lenin omvorm is en dat Lenin die gedagte na vore bring van ⁹⁴⁾ :

“een revolusie deur een partijdiktatuur van boven af, in plaats van de marxisties idee van een revolusie vanuit de basis zelf”.

En om dit te kan bereik het Lenin 'n „elitegroep van intellektueelen” georganiseer in 'n sterk groep „beroepsrevolutionairen”. Vir die totstandkoming van 'n rewolusie is daar dus in die eerste plek 'n groep intellektueel goed toegeruste samesweerders nodig. Hierdie groep intellektueles moet die rewolusie voorberei en doen dit deur middel van propaganda wat in die eerste plek op die intelligentsia gerig is. Nou is dit interessant dat Crane Brinton daarop wys dat een van die noodsaaklike voorvereistes vir die totstandkoming van 'n rewolusie juis is dat die intellektueles in die volk wat verower moet word, hulle lojaliteit moet verplaas van die bestaande orde na die rewolusionêre denke. ⁹⁵⁾ Daarom is dit ook te verstane dat die kommuniste in sy propaganda van die rewolusionêre omverwerping van die bestaande orde nog altyd swaar gekonsentreer het op die intelligentsia van 'n volk. Die intelligentsia was en is vir die kommunistiese beplanning broodnodig want hulle moet uiteindelik die dinamo van die kommunistiese strydapparaat vorm. In 1939 het Mao Tse Tung onder andere geskryf :

„In the langdurige en roekelose oorlog vir nasionale bevryding, in die groot stryd om 'n nuwe Sjina op te bou, moet die Kommunistiese Party bevoeg wees om die intellektueles in te trek sodat dit 'n geweldige mag kan organiseer vir die weerstand; miljoene der miljoene van die massas bywoners kan organiseer; die rewolusionêre kultuurbeweging kan ont-

93) A. Shutte, *Student Power*.

94) H. van den Enden, *Is het Sovjetmarxisme gescleroseerd?* artikel in *Wending*, Den Haag 1968, blz. 558.

95) C. Brinton, *The Anatomy of Revolution*, New York 1965, p. 39 f.

wikkel en die rewolusionêre verenigde front kan uitbrei. Sonder deelname van die intelligentsia kan die rewolusie nie die oorwinning behaal nie”.

Daarom was dit vir die kommunisme nog altyd besonder belangrik om brûe van verstandhouding na die intelligentsia van ’n volk te probeer bou. Dit was altyd moontlik omdat die kern van die kommunistiese samesweerders uit intellektueel goed-toegeruste rewolusionêres bestaan het. Met sy poging om die intellektueles in te trek in sy aktiwiteite, bewus of onbewus, het die kommuniste nog steeds daarin geslaag om geleerdes en studente te vind wat losgeraak het van hulle volk en daarom besonder vatbaar was vir die kommunistiese beïnvloeding. In die jongste tyd egter word hierdie aksie veral toegespits op die studerende jeug assodanig om sodoende by die studente die basis te vind waarvandaan die rewolusie geloods kan word nadat dit deur die kommunistiese samesweerders en hulle intellektuele meelopers goed genoeg voorberei is. Hierdie situasie wat in die VSA en Europa reeds ver ontwikkel het, word raak opgesom deur Anthony Harrigan wanneer hy stel ⁹⁶⁾ :

“All revolutions require a social base as well as an organisational structure. Colleges and universities have proven to be the ideal social base area for the new anarchist movements, They guarantee food, lodging, articulate defenders, a physical position of strength and even legal help. Not only are campuses a base of operations, but they are also a communications center, with lines into wider sectors of society”.

Dit is ook verstaanbaar dat ’n studentegemeenskap as ’n uitnemende rewolusionêre basis beskou word want ’n studentegemeenskap is buitendien baie makliker aktiveerbaar en manipuleerbaar as enige ander groep in die volkshuishouding. Daarby is dit maklik om opgeleide agitators in die studentegemeenskap in te smokkel en daar te hou want hulle word slegs as student aan ’n universiteit ingeskryf soos byvoorbeeld Rudi Dutschke. Jong mense is, uit die aard van die saak, meer ontvanklik vir en minder ervare teen propaganda en agitatie en omdat hulle op ’n universiteit so dig bymekaar gegroepeer is, is hulle ook geografies vir die agitator en propagandis ’n gerieflike groepering binne die breë volksbestaan.

In hierdie verband moet andermaal onderstreep word dat die Kommunistiese Party nooit ’n massabeweging is nie maar dat dit

96) A. Harrigan, *Washington Report*, 3 Junie 1968.

altyd bestaan uit 'n klein groepie hooggeskoolde intellektueles en aktiwiste wat die manipulasie van die massa, op alle vlakke, tot 'n fyn kuns ontwikkel het. Met behulp van die intellektueles wat in die kommunistiese idioom dink en deur hulle te gebruik, slaag die kommuniste nog elke keer daarin om deur die agitاسie van die studerende jeug, soos in Europa en die VSA, maksimum chaos en wanorde te skep om sodoende daardie volkere weer 'n stappie nader te bring aan die uiteindelijke kommunistiese oorname.

Dat hierdie soort optrede ook vir Suid-Afrika beplan was, het duidelik geword toe Abram Fischer in 1964 gearresteer is. By hom is 'n konsep-besprekingsplan gevind waarin hy oor die toekoms van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika gehandel het. Daarin het hy gestel ⁹⁷⁾ :

„Ons moet probeer om studente- en vroue-organisasies, progressiewe kerkmanne, koerante en joernaliste en selfs professionele liggame in die stryd te trek en aan te moedig. Ons moet dit ons taak maak om hulle te voorsien van feite en hulle op te voed deur propaganda in elke moontlike vorm”

Ook in Suid-Afrika is die kommunistiese rewolusionêre oogmerke aan die universitêre basis gekoppel en daarom het die Fischer-dokument die studente-organisasies bo-aan die lys geplaas. Daarby kan ook in herinnering geroep word dat die sabotاسie-liggaam, die **African Resistance Movement** wat in 1964 sy einde gevind het, 'n groot deel van sy lede uit 'n studente-organisasie soos NUSAS getrek het. ⁹⁸⁾ Dit is egter 'n ope vraag of die beplande kommunistiese aksie soos Fischer in die vooruitsig stel, ooit begin funksioneer het. Maar uit hierdie getuienis kan een saak baie duidelik afgelei word en dit is dat die internasionale kommunisme, ook in Suid-Afrika, nie sal skroom om van bestaande studente-organisasies gebruik te maak om die doeleindes van die kommunisme te bevorder nie. Die studerende jeug is vandag 'n besondere teken van die kommunistiese beplanning en dit moet nié uit die oog verloor word nie.

Dit is egter duidelik dat daar aan die Engelstalige universiteite van ons land nog steeds liggame bestaan wat besonder vatbaar vir derglike infiltrاسie kan wees. Dit omdat hulle hulle verzet teen die bestaande orde in Suid-Afrika en dit ook wil verander, hoewel

97) Vgl. o.a. G. Ludi en B. Grobbelaar, *Die Verbasende Bram Fischer*, Kaapstad 1966, blz. 94.

98) Vgl. M. Brokensha en R. Knowles, *The Fourth of July Raids*, Kaapstad 1965.

dit nie beoog word om dit op geweldadige wyse te doen nie. Soos die 1968 NUSAS-president dit gestel het :

“NUSAS must continue to serve its students, serve the community, and prepare for the day when a change will come in South Africa. This brings me on to my main point. A switch in emphasis is required in NUSAS. We must cease to concentrate on isolated political issues and switch our attack to Apartheid itself. We reject Apartheid in toto; we stand for a new society which will be non-racial and democratic. Everything which apartheid involves, must not be a part of the new society which we want to see emerge”.

In hierdie klimaat leef en werk die UCM en probeer hy sy doelstelling nastrewe **to make real the unity and liberty of all men**. Dit moet egter duidelik verstaan word dat nié beweer kan word dat die skakeling van die plaaslike UCM met die Amerikaanse UCM en daardeur met die ultra-linkse Amerikaanse **New Left**-beweging, of die UCM se verbondenheid met die ekumeniese beweging, beteken dat die UCM 'n identifiseerbare kommunistiese organisasie of selfs 'n front-organisasie is nie. Maar dit beteken wél dat die UCM vanweë sy skakeling met binne- en buitelandse organisasies, soos uiteengesit, juis sy Christelike basis verloën. Want dit gaan vir die UCM nié om die verdieping en verinniging van die geloof van sy lede in die geopenbaarde sentrale waarhede van die Heilige Skrif nie. Die UCM bewyter hom vanaf 'n kwasi-christelike basis vir die **unity and liberty of all men**, vir die totstandkoming van 'n **non-racial** gemeenskap in Suid-Afrika en daarvoor wil hy die imperatief van die Heilige Skrif inspan. Juis dáárom en vanweë die bekende program van die internasionale kommunisme om die studerende jeug vir sy doeleindes te probeer mobiliseer, bestaan die gevaar dat die UCM geïnfiltreer en gebruik en misbruik kan word deur die magte van links — netsoos in die verlede met NUSAS gebeur het. Hierdie gevaar vir die UCM is wesenlik omdat die UCM, los van enige belydenisgrondslag behalwe 'n vae omskrywing in die doelstelling waaraan die liggaam, so ver beoordeel kan word, nie eers getrou is nie, géén duidelike, Bybelse riglyn vir sy denke en optrede het nie en daarom ook baie weerloos staan teen die infiltrasie van linkse en selfs rewolusionêre gedagtes — soos miskien geïllustreer kan word deur die soort stellings wat in die UCM-lyfblad **One for the Road**, gemaak word.⁹⁹⁾ Daarby wil dit voorkom asof NUSAS wat so stadigaan 'n sterk gediskrediteerde studenteliggaam is, vanweë al die botsings met die owerheid waarin van sy voormalige voorsitters en

99) Vgl. A. Shutte, *Student Power*.

lede betrokke was vanweë hulle linkse aktiwiteite,¹⁰⁰) geleidelik die UCM met sy godsdienstige grondslag wil voorstoot as die leidende "non-racial" studente-organisasie in Suid-Afrika.

Miskien het die tyd aangebreek dat veral die Engelstalige kerke in Suid-Afrika sorgvuldig en noukeurig aandag gee aan die UCM wat deur hulle finansiëel en andersins gesteun word. En al is dit so dat die meeste Engelstalige kerke reeds deur hulle lidmaatskap van die SACC gekompromitteer is tot 'n soort kruisvaart teen apartheid, sal dit miskien ook die "anti-apartheid christians" loon om weer 'n keer na die ingeboude swakhede en tekortkominge van die UCM te kyk. Dat die UCM 'n geweldige krag ten goede, 'n sterk draer van die Christelike geloof, soos dit uit die Heilige Skrif geken kan word, kan wees, is natuurlik moontlik. Maar uit die gegewens wat nou oor die UCM beskikbaar is, blyk dit dat hierdie liggaam nié op 'n suiwere, Bybelse basis staan nie. Inteendeel. Baie van dié dinge wat tans in die kader van die UCM verrig word, maak 'n duidelik anti-christelike indruk. Die UCM, soos hy nou funksioneer is besig om 'n linkse politieke ideologie te verbrei wat op die lange duur alleen maar wrange vrugte kan dra, omdat dit sowel die Bybels-reformatoriese geloof as die basiese waardes van ons samelewing ondergrawe. Die UCM is 'n liggaam wat 'n pseudo-evangelie verkondig wat soms grens aan die godslasterlike. Die UCM is 'n liggaam wat vir elke kerk wat trou wil bly aan die Woord van God, onaanvaarbaar moet wees.

Dáárom is dit nodig dat die studerende jeug van ons land se universiteite gewaarsku moet word teen die UCM wat ondanks al sy geformuleerde goeie bedoelings nié op die kampus van 'n verantwoordelike universiteitsgemeenskap toegelaat behoort te word nie. Want so lank die UCM so praat en doen is hy nie in staat om 'n positiewe of blywende bydrae te maak tot die opbou en groei van of die universiteit of die wetenskap of die kerk of ons land en al sy mense nie.

100) Twee voormalige voorsitters en 'n aantal lede van NUSAS was betrokke by sabotasiedade wat in 1963 - 1964 gepleeg is, die 1964 NUSAS-president is aangehou kragtens die 90-dae bepaling, die 1966 NUSAS-president is ingeperk kragtens die bepalings van die Wet op Onderdrukking van Kommunisme, die verkose 1968 NUSAS-president is gedeporteer en verskillende lede van die NUSAS-bestuur is op verskillende tye ingeperk.